

“Met watter gesag sê U hierdie dinge?” Opmerkings oor kerklike dokumente oor die openbare lewe

D E de Villiers en D J Smit

ABSTRACT

“What authority do you have to say these things?” Remarks on church documents about public issues

For a number of reasons it has become important for South African churches to reconsider the ways in which they were accustomed to speak about public issues. In the first part of the article some of these reasons are pointed out. In the second part an important study of the German Protestant Church, the EKD, addressing these issues, is analysed. In the third part an assessment is made of the contribution the German study makes to the debate on church declarations on public issues in the South African context.

1 DIE PROBLEMATIESE AARD VAN KERKLIKE UITSPRAKE OOR DIE OPENBARE LEWE

Die heftige debatte oor kerklike dokumente soos *Kerk en Samelewing* en *Kairos* oor die afgelope aantal jare het een ding baie duidelik gemaak: kerklike uitsprake oor die openbare lewe is nie sonder probleme nie. Dit is daarom vreemd dat die kerke in Suid-Afrika nog nie op 'n indringende wyse oor die eiesoortige aard van kerklike uitsprake oor die openbare lewe besin het nie. Na ons mening is sodanige besinning dringend noodsaaklik. Dit is des te meer noodsaaklik in die lig van die oorgang in Suid-Afrika na 'n demokratiese politieke bestel wat 'n totaal nuwe raamwerk vir kerklike uitsprake oor die openbare lewe bied.

Daar is - meer spesifiek - die volgende redes waarom kerke in Suid-Afrika oor die aard van uitsprake oor die openbare lewe behoort te besin:

(i) Nie net in Suid-Afrika nie, maar ook internasionaal kom die logika en argumentvoering van kerklike verslae onder die skoot. In Protestantse kringe word gewys op die onverantwoorde Skrifberoep wat dikwels ter ondersteuning van kerklike standpunte oor die politiek en die ekonomie gemaak word¹. In Rooms-Katolieke kringe word lewendige debatte gevoer

oor die natuurregtelike argumente en hiërargiese gesagsprosesse wat die afkondiging van amptelike kerklike dokumente oor die openbare lewe kenmerk².

Skerp kritiek word ook uitgespreek teen die beweerde onwetenskaplike aanwending van gegewens en standpunte uit die sosiale wetenskappe. In 'n kritiese publikasie oor 'n aantal publikasies van kerke in Groot-Brittanje oor openbare kwessies druk D Anderson en R Harris hulle so uit:

"Their publications are variously found to be sloppy, ill-thought out, ignorant, one-sided, addicted to secular fashions, uncritical of conventional 'progressive' wisdom, hysterical, unmethodical in the use of sources and evidence, theologically desiccated and, most deplorable, uncharitable to those who disagree"³.

(ii) 'n Tweede beswaar wat teen kerklike uitsprake en dokumente oor die openbare lewe ingebring word, is dat die eiesoortige en onderskeie aard van die boodskap wat die kerke verkondig, in die gedrang kom. Die Nederlandse teoloog H M Kuitert oordeel selfs in sy boek *Alles is politiek maar politiek is niet alles* dat kerke liefste alle uitsprake oor politieke en maatskaplike aangeleenthede moet vermy, omdat sodanige uitsprake altyd as ondersteuning vir of kritiek teen bestaande standpunte van politieke partye geïnterpreteer word en kerke so onvermydelik in die politieke magstryd betrek word⁴. 'n Kerk wat hom oor openbare aangeleenthede uitspreek, word dus onvermydelik beskou as een deelnemer naas ander deelnemers aan die politieke spel en sy standpunt as een politieke standpunt naas ander politieke standpunte. Die Amerikaanse etikus S Hauerwas oordeel weer dat dit in samelewings wat deur die politieke liberalisme gestempel is, bykans onmoontlik vir kerke is om hul oor openbare aangeleenthede op 'n eiesoortig Christelike wyse uit te spreek. In sodanige samelewings word die godsdienste naamlik tot die private sfeer teruggedring en word deelname aan debatte in die publieke sfeer op die grondslag van godsdienstige oortuigings nie geduld nie. Kerke wat aan debatte oor openbare aangeleenthede wil deelneem, word dan genoodsaak om hul van sogenaamde algemeen-geldige etiese en politieke beginsels te bedien. Die resultaat is dat hul standpunte oor openbare aangeleenthede nie van dié van nie-Christene onderskei kan word nie⁵.

(iii) In die ekumeniese beweging is al meermale beweer dat die saak van die sogenaamde "resepsie" of toeëiening van ekumeniese beslissings en

dokumente deur die lidkerke, die plaaslike gemeentes en die gewone gelowiges dié enkele belangrikste vraagstuk in die ekumene is. Die probleem is dat die ekumeniese dokumente en die besluite van groot internasionale kerklike konferensies meermale net woorde op papier bly, dat die plaaslike gemeentes en die lidmate nooit eens daarvan hoor nie, wat nog te sê dit toeëien en daarvolgens begin handel⁶.

As “resepsie” vir die ekumeniese beweging ’n akute probleem was en bly, geld dit eweseer van verskeie groter Suid-Afrikaanse kerke. Uit pynlike ondervinding het heelwat van ons kerke oor die afgelope jare geleer dat dit een ding is om verklarings te maak en dokumente goed te keur op gesaghebbende kerkvergaderings, maar nog weer ’n ander ding om dié besluite werklik deel van die denke en lewe van die plaaslike gemeentes en lidmate te maak.

(iv) Vir ’n lang tyd was dit vir verskillende kerke in Suid-Afrika, alhoewel om uiteenlopende redes, ’n redelik vanselfsprekende saak dat hulle die reg en die geloofwaardigheid het om uitsprake te maak oor die openbare lewe. Of dit nou die wit Afrikaanse kerke was wat die sosiale en politieke orde goedgesind was en godsdienstig probeer legitimeer het en of dit nou die swart kerke was wat met profetiese kritiek die sosiale en politieke orde in die lig van die evangelie gekritiseer en bestry het, die oortuiging was gemeenskaplik dat die evangelie, soos wat hulle kerk dit verstaan en verkondig het, direk met die openbare lewe te make het.

Juis al die feit dat dit moontlik was dat Christelike kerke teenoor mekaar te staan kon kom met hulle morele uitsprake oor die openbare lewe, het twyfel onder baie lidmate gesaai en hulle laat wonder met watter reg en op grond van watter gesag die kerke dan so vanselfsprekend sodanige uitsprake kan maak⁷. Die feit dat sommige kerke vandag openlik bely dat hulle verkeerd was in hulle standpunte, ten spyte daarvan dat hulle oor dekades heen die mees indringende akademiese dokumente daaroor opgestel het, vererger uiteraard hierdie twyfel. Die feit dat gelowiges uit hierdie kerke, wat vroeër so ingrypend van mekaar verskil het, tans begin om met mekaar oor die openbare lewe te praat, maak die ervaring nog meer intens dat Christene uit totaal uiteenlopende ervaringswêreldes kom en totaal verskillende standpunte oor die openbare lewe het. Met watter gesag kan hulle dan nou gesamentlike uitsprake vind en maak?

(v) Miskien die belangrikste faktor wat besinning oor hierdie probleem tans in Suid-Afrika noodsaaklik maak, is die feit dat ons samelewing in die rigting van ’n demokrasie beweeg, en dan ’n demokrasie waarin die

Christelike godsdiens en kerke nie langer 'n voorkeurposisie en veral 'n beslissende mening oor openbare sake sal hê nie. Die vanselfsprekendheid waarmee kerkleiers en Christelike teoloë vroeër in die openbare media uitsprake kon maak oor en geraadpleeg is oor allerlei sake van algemene openbare belang, is klaarblyklik iets van die verlede. Sowel lidmate van hierdie kerke as buitestaanders sal waarskynlik moeiliker uitsprake van hierdie aard op gesag aanvaar net omdat dit deur gerespekteerde kerkleiers gemaak word.

Omrede al hierdie probleme is dit duidelik dat kerke in Suid-Afrika dit nie langer kan bekostig om uitsprake oor openbare aangeleenthede te maak alvorens hulle nie eers deeglik besin het oor die aard van hierdie uitsprake nie. Dit sou ideaal wees as hierdie besinning kon uitloop op 'n aantal riglyne wat by die maak van uitsprake of die opstel van studiestukke oor openbare aangeleenthede in ag geneem behoort te word.

Die kerke in Suid-Afrika is in die gelukkige posisie dat hulle nie reg van voor af met hierdie besinning hoef te begin nie. Verskeie buitelandse kerke en ekumeniese organisasies het hul al genoodsaak gevoel om oor hierdie saak te besin en het reeds studiestukke daarvoor opgestel. Die besinning van kerke in Suid-Afrika sal baie baat kan vind by raadpleging van hierdie studiestukke.

Een van die buitelandse kerke wat 'n besonder deeglike studie oor die aard van kerklike uitsprake oor openbare aangeleenthede gemaak het, is die Evangelies-Lutherse Kerk in Duitsland (EKD). Die amptelike titel van die studiestuk wat in 1970 gepubliseer is, is *Aufgaben und Grenzen kirchlicher Äusserungen zu gesellschaftlichen Fragen*⁸. In die omgang sou dit egter bekend word as *Die Denkschrift über die Denkschriften*. Die aanleiding tot dié studiestuk was die skerp kritiek wat in kerklike kringe, maar ook daarbuite, gelewer is teen sekere studiestukke wat die Kamer vir Sosiale Ordening van die EKD (vergelykbaar met ons Kommissies vir Aktuele Sake) in die laat-sestigerjare oor omstrede openbare aangeleenthede opgestel het. Kritici was van oordeel dat die kerk daarmee sy bevoegdheid oorskry het en het kritiese vrae gestel oor die reg en gesag van die kerk om hom oor openbare aangeleenthede uit te spreek. Die EKD het hom genoop gevoel om sy Kamer vir Sosiale Ordening opdrag te gee om 'n studiestuk voor te berei oor hierdie vrae.

Aangesien ons daarvan oortuig is dat hierdie studiestuk besonder waardevolle hulp aan Suid-Afrikaanse kerke in hul besinning oor die aard van hul uitsprake oor openbare aangeleenthede kan bied, vestig ons hier kortliks die aandag op die inhoud van die studiestuk. Daarna probeer ons vasstel in hoeverre die studiestuk antwoorde bied wat ook in die hedendaagse Suid-Afrikaanse situasie van toepassing is.

Die *Denkschrift* bestaan uit 'n inleiding en ses dele.

In die inleiding word die lesers daaraan herinner dat die kerk in Wes-Duitsland na die Tweede Wêreldoorlog op verskillende maniere begin het om oor sake van openbare belang standpunt in te neem. Dié betrokkenheid by die openbare lewe is grootliks gemotiveer deur die ervaring van die gebrekkige pogings van die kerke tydens die sogenaamde “Derde Ryk” en die gevolge van hulle versuim.

Alhoewel dit - agterna beskou - duidelik mag wees dat die kerke sterker standpunt moes ingeneem het teen die Nazi-regime, is daar meningsverskil in die kerke oor die vraag of dit ook in 'n vrye demokratiese regstaat deel van die verkondigingstaak van die kerke is om saam te dink en te praat oor 'n goeie samelewingsorde. Daar is diegene wat oordeel dat die kerke daarmee hul roeping en bevoegdheids oorskry. Wat dit nog moeiliker maak, is die feit dat moderne samelewings so uiters kompleks is en die positiewe betrokkenheid, die “ja” van Christene, by die opbou en handhawing van 'n goeie samelewing dus uiters ingewikkeld is, en nooit so helder en ongekompliseerd soos by die kritiese “nee” wat in grenssituasies deur die geloof gevra word nie.

Aan die ander kant is dit juis in 'n demokratiese samelewing vanselfsprekend dat die kerk 'n openbare funksie sal vervul. Die demokrasie, die sogenaamde “civil society”, leef immers van die veronderstelling dat verskillende kragte en groepe in die samelewing in dialoog met mekaar saam werk en saam soek na 'n goeie en gelukkige samelewing. Om onder sulke omstandighede slegs negatief-krities, van buite, beterweterig, te wil praat, is totaal onvanpas en verloën die ingewikkeldheid van die probleme van so 'n moderne samelewing.

Dus: die vraag is nie *of* die kerk by die openbare dialoog betrokke moet raak nie, maar *hoe* die kerk dit doen, en of die manier waarop die kerk dit doen, pas by die posisie van die kerk in 'n demokratiese samelewing. Die ses punte wat volg, is bedoel om oor hierdie “hoe” na te dink, in die eerste plek ter wille van helderheid binne die kerk self, maar tweedens ook as basis vir gesprek met ander persone en groepe in die samelewing.

2.1 Die eerste afdeling probeer die vraag beantwoord: “Waarom behoort die kerk uitsprake te maak oor politieke en maatskaplike vrae?”

Die reg van die kerk om hieroor te praat, is gefundeer in die omvattende verkondigings- en sendingopdrag van die Heer van die kerk. Afhangende van die eksistensiële betekenis van die vrae waarmee die kerk gekonfronteer is, sal die kerk se uitsprake verskillende gestaltes aanneem en verskillende gewig dra. Daar ontstaan historiese situasies waarin die Christelike geloof self op die spel staan, sodat die kerklike uitsprake 'n duidelike “nee” sal laat weerklink. Die dokument noem dit *status-confessionis*-situasies.

Ook onder normale omstandighede geld egter dat die evangelie geen werklikheidsvreemde heilsboodskap is nie. Dit sluit in dat Christene saam met andere na die moontlikhede van 'n goeie, menslike samelewing moet soek. Dit waarvan die kerk oortuig raak, moet hy deur rasionele argumentering met ander mense deel, ten einde hulle ook uit te daag om verder te help dink oor en werk aan 'n goeie samelewing. Dit word 'n dialoog, waarin die kerk ook weer oop is om deur beter argumente en insigte oorreed te word.

Die noodwendigheid en legitimiteit van hierdie soort betrokkenheid by 'n openbare dialoog, word nog duideliker wanneer die werklikhede van 'n moderne samelewing in gedagte gehou word: Die beslissende maatskaplike ontwikkelinge geskied vandag meestal so dat daar nooit eintlik 'n geskikte oomblik kom om 'n eenduidige “nee” teenoor klaarblyklike onreg te laat hoor nie. Wanneer sulke situasies aanbreek, is hulle meestal die gevolg van lang en ingewikkelde ontwikkelinge. Gevolglik durf die kerke nie wag totdat hulle 'n “nee” moet uitspreek nie, maar moet hulle die ontwikkelinge begelei deur saam te dink en duidelik te maak hoe die Christelike verantwoordelikheid tot korreksie en beïnvloeding voortdurend waargeneem kan word.

Boonop word die speelruimte vir beslissings deur die individu in 'n moderne industriële samelewing tot 'n hoë mate mede-beïnvloed deur die beslissings van ander mense en deur 'n netwerk van samehange buite beheer van die enkeling. Om dus bloot die enkeling aan te spreek en hulle gewetens op te skerp, is ontoereikend. Die effektiewe vorming van 'n goeie wil vereis veeleer 'n dialoog tussen maatskaplike kragte en groepe. Veral belangrik is daarby om raak te sien dat staatsorgane nie alleen die deurslaggewende rol in 'n moderne samelewing speel nie, maar dat ander kragte dikwels veel invloedryker is.

Kortom, sonder samewerking met ander is 'n enkeling vandag minder as ooit in die posisie om boosheid te bestry, groter geregtigheid te bevorder en komplekse noodsituasies te vermy. Christene staan onder die plig om hierdie verantwoordelikhede saam met mekaar en saam met ander waar te neem. Die kerk moet daarby duidelik maak dat die samelewing nie uitgelewer is aan die invloed van magtige belangegroepes nie, maar dat dit inderdaad moontlik is om vanuit Christelike verantwoordelikheid by te dra tot die gemeenskaplike vorming van 'n goeie wil. Die samelewing en die staat is daarvan afhanklik dat daar aan die dialoog tussen sosiale magsgroepe ook partye deelneem wat geen direkte eiebelang het by die uitkomst nie. So kan die kerk in talle openbare dialoë 'n sleutelrol vervul.

Dit is egter nie genoegsaam om hierdie verantwoordelikheid net in die teorie te begrond en te bely nie. Dit moet konkreet beoefen word. Dit moet daadwerklik in spesifieke openbare konflikte en dialoë waargeneem word. Die kerk kan dan ook nie volstaan met blote verklarings en standpuntinnames nie. Daarna begin die eintlike opgawe eers. In die talle openbare belangebotsings neig groepe maklik daartoe om in hulle eie oë gelyk te hê en gevolglik nie om te gee vir die ander nie. Indien hulle nie hulle sin kry nie, volg onttrekking en verbittering. Die bereidheid om na ander te luister, neem af. Hier kan die kerk pastorale diens lewer, nie alleen aan enkelinge nie, maar juis ook aan groepe in die samelewing.

Ter afsluiting van punt 1 wys die dokument op sekere algemene misverstande en populêre besware wat met hierdie argument reeds afgewys is. Allereers is dit 'n afwysing van 'n verengde twee-ryke leer. Tegelyk is daarmee die soort standpunt verwerp wat as "vrome laissez-faire" beskryf kan word, te wete dat die Christelike lewe beperk is tot die individuele etiek van 'n Godwelgevallige lewe, maar sonder betrokkenheid by politieke en maatskaplike vrae. Die opvatting dat so 'n houding self onpolitiek sou wees, berus op selfmisleiding. Die lewenswyse van Christene is nooit sonder politieke betekenis nie. Ook die beswaar dat dit die taak van die kerk sou wees om slegs die suiwer evangelie te preek, die tydlose Woord van God, asof dit sou impliseer dat die kerk slegs te make het met die voorbereiding op die hiernamaals, terwyl die staat verantwoordelik is vir die lewe hier en nou, is hiermee verwerp as gebaseer op 'n valse teëstelling. Die prediking van die evangelie verander die wêreld en roep tot navolging in die medemenslike samelewing. Juis omdat dié navolging in die openbare lewe nie altyd ernstig genoeg geneem is nie, kon dit gebeur dat die prediking van die evangelie op skynbaar vanselfsprekende wyses vereenselwig kon word met nasionale, konserwatiewe, patriargale, burgerlike, liberale en sosialistiese gedagtegoed.

'n Meer fundamentele beswaar teen kerklike uitsprake oor sosiale en politieke aangeleenthede doen 'n beroep op die sogenaamde eiewetlikheid van die politieke, ekonomiese en tegniese lewe. Dié argument, indien konsekwent deurgevoer, sou egter alle etiek onmoontlik maak. Daarteenoor argumenteer die *Denkschrift* dat die bestaan van wetmatighede nie ontken kan word nie. Dit is gevolglik vanselfsprekend dat sosiale etiek rekening moet hou met die insigte van die sosiale wetenskappe oor sulke samehange. Dit bly egter ook 'n taak van die allergrootste etiese belang om na te dink oor moontlike wyses waarop hierdie samehange en prosesse beïnvloed kan word. Die sosiale etiek moet juis teenoor sogenaamde wetmatighede die vryheid van mense tot verantwoordelike beslissings aan die orde stel. Die beoefenaars van politiek en ekonomie gebruik dikwels juis die argument van eiewetlikheid as verskoning wanneer hulle nalaat wat nodig en moontlik is, omdat hulle dit inderwaarheid nie wil doen nie.

In hierdie verband word die kerk meermale beskuldig van “sosiale romantiek” of “'n gebrek aan saaklike kennis”. Dié soort beswaar kan byvoorbeeld opkom uit 'n konserwatistiese lewenshouding, wat die moontlikhede onderskat om historiese veranderinge teweeg te bring, of uit 'n positivistiese lewenshouding, wat meen dat vrye menslike beslissings nie 'n invloed kan hê op wetmatige prosesse nie. Sulke lewenshoudings ontken die geleentheid wat bestaan vir die politiek en die sosiale opvoeding om werklik 'n verskil te maak.

2.2 In die tweede deel probeer die *Denkschrift* antwoord op die vraag: “Wie praat?” Die verkondigingstaak van die kerk, so sê die *Denkschrift*, word uiteraard nie primêr deur amptelike organe vervul nie, maar deur die hele kerk met al sy ampte en lede. In erediens, in gemeentelike byeenkomste, in fakulteite, in akademies, oral waar Christene byeenkom rondom die Woord van God, geskied hierdie verkondiging. Van kerklike standpuntinnames oor politieke en sosiale kwessies geld presies dieselfde. Bepalend vir die “kerklikheid” van sulke uitsprake is dus slegs of dit Skrif en saakgetrou is, en nié of dit regtens of amptelik deur die bevoegde liggame geuite is nie. Netso min as wat die preek van 'n biskop meer outentieke en meer gesaghebbende uitleg van die evangelie is as die preek van 'n gemeentepredikant of die getuienis van 'n Christen-lidmaat, netso min is amptelike uitsprake oor die politiek en die samelewing meer outentiek en gesaghebbend as die standpunte van enkele gemeentes en groepe lidmate. Die gesag van sulke uitsprake, as onderdeel van die verkondiging van die kerk, word nie gewaarborg deur die amptelike

karakter van die persone of liggaam wat die uitsprake maak nie, maar deur die evangeliese waarheid daarvan. Dit beteken verder dat die gesag van sulke uitsprake ook nie in die eerste plek daarvan afhang dat almal daaroor saamstem nie. Dit kan netsomin veronderstel word as met die Bybeluitleg elke Sondag. Daar word geen eenheidspraak voorgeskryf wat oral gelees word nie. Soos met die prediking, kan daar gevolglik 'n veelvoud van uitsprake oor sosiale en politieke aangeleenthede gemaak word.

Enersluidendheid kan nie institusioneel gewaarborg word nie, dog word dit bloot as ideaal en opdrag gestel. Natuurlik geld dat, waar die eenheid en enersluidendheid nie langer eers meer gesoek word nie, dit 'n ernstige vraag is of dit nog die kerk is wat praat. Die Christelike kerk is immers geroep om steeds te strewen na konsensus, nie alleen in sake van geloof nie, maar ook in sosiaal-etiese aangeleenthede.

Dit impliseer nou egter tog weer dat daar 'n strewen moet bestaan om kerklike uitsprake te vind wat inderdaad deur die amptelike organe van die kerkleiding verantwoord sal word. Dié strewen is noodsaaklik, nie omdat die uitsprake daardeur gesag en waarheid ontvang nie, maar omdat dit die verkondigingstaak van die kerk bevorder.

Ten einde nou egter hierdie strewen te bevorder, moet prosesse gevind word waarlangs dit ten beste kan gebeur. Die geloofwaardigheid van sulke uitsprake en hulle effektiwiteit in die openbare lewe sal grootliks afhang van die vraag of hierdie prosesse op die regte wyse gestruktureer is. Die hoogs moontlike mate "van objektiwiteit, van saaklike kennis en van teologiese sorgvuldigheid" moet nagestreef word. Hiervan sal die werkingskrag van sulke uitsprake afhang en nie bloot van die vraag of die bevoegde kerklike instansie dit uitgevaardig het nie. Of die betrokke probleem werklik verstaan is, of alle gesigspunte werklik in ag geneem is en of dit werklik met die Woord van God gekonfronteer is, sal bepaal of die uitsprake geloofwaardig is. Om dié rede is dit so noodsaaklik dat alle belangrike menings en belange in die beraadslaginge gehoor word. Die openbare mening moet die ervaring hê dat die kerklike liggame uiters sorgvuldig omgaan met hierdie sake.

Die *Denkskrif* ag dit gevolglik as verkeerd wanneer amptelike kerklike organe, wat die opdrag aan vakkundige kommissies gegee het om 'n saak te ondersoek, uiteindelik maak asof die studiestukke bloot die private menings van enkele individue is. Die organe wat die opdragte gegee het, moet sorg dra dat hulle óf 'n konsensus onder hulleself vind óf ten minste 'n meerderheidsmening. Dit verplig hulle om die moontlike uitwerking van hulle verklarings eers besonder sorgvuldig te oorweeg.

Weer eens vestig die dokument die aandag op misverstande en besware wat hiermee reeds implisiet afgewys is. Die misverstand dat die

kerk deur uitsprake oor politiek en samelewing die eenheid van sy getuënis in gevaar sou stel, is hiermee as misplaas aangetoon. Kerklike eenheid kan nooit beteken dat die kerklike getuënis beperk moet word tot "doodregte" algemeenhede sonder enige konsekwensies nie. Ook die misverstand dat individuele Christene wel die verantwoordelikheid sou hê om aktief by die politiek en die samelewingsverbande betrokke te wees, maar dat dieselfde nie van die kerk sou geld nie, is afgewys. Sonder twyfel is daar 'n groot onderskeid tussen die twee soorte betrokkenheid. Dié onderskeid beteken egter vir geen oomblik dat die kerk alle sosiale verantwoordelikheid aan sy individuele lidmate kan oorlaat nie.

2.3 Daarmee is ons by die derde afdeling, wat die vraag aanspreek: "Met wie word gepraat?" Dit is 'n uiters belangrike aspek van die self-refleksie. Volgens die dokument blyk dit uit die voorafgaande reeds dat sulke kerklike uitsprake verskillende doelwitte kan hê en aan uiteenlopende gehore gerig kan wees.

Allereers is dit op binne-kerklike opheldering en besinning gerig. Dit is reeds nodig, omdat die etiek so vinnig ontwikkel en die probleme so kompleks is. Dit durf nooit nagelaat te word nie, omdat die verwerking van sulke kerklike uitsprake daarvan afhang of dit deur die gemeentes opgeneem, toegeëien en gepraktiseer word.

Daarnaas lewer kerklike standpuntinames egter ook 'n bydrae tot die openbare diskussie van bepaalde vraagstukke. Hulle is pogings om die openbare bewussyn te beïnvloed. Alle gevestigde groepe in die samelewing is geneig tot ideologiese en morele selfregverdiging. Die nadenke sonder vooroordele oor sake van medemenslikheid en oor die goeie betekenis van institusies moet telkens weer bevorder word en groepe moet gehelp word om waarlik na ander te luister.

Konkreet beteken dit dat die kerk nie sy lidmate tot politieke medeverantwoordelikheid kan oproep en hulle dan alleen kan laat nie. Hulp aan die lidmate is volgens die dokument dringend nodig, omdat baie lidmate nog nie voldoen aan die vereistes wat 'n demokratiese samelewing aan die burgers stel nie.

Wanneer hierdie hulp van die kerk aangeneem word, kan dit nie bestaan in blinde gehoorsaamheid nie. Veeleerder sal daarmee 'n proses van wedersydse korreksies begin, wat die Christendom tot 'n groeiende ooreenstemming sou kon voer. Hoe groter die ooreenstemming is oor dit wat gedoen moet word ten opsigte van die brandende wêreldprobleme van ons dag, in kofessionele en ekumeniese, in nasionale en in internasionale kringe, des te meer sal die stem van die Christene ook buite die Christendom gehoor word.

Daarby is sulke kerklike studiestukke ook aanbiedinge aan die hele samelewing. Die kerk toon daarmee dat hy ook standpunt kan inneem oor die belangrike vraagstukke van groepsverhoudinge en die beste gestaltegewing aan instellinge, oor dit wat in die ekumene “liefde deur die strukture” genoem is. Diegene wat die opdrag het om hulle besig te hou met die bevordering van vrede, geregtigheid, vryheid en menswaardige lewensomstandighede kan dit as solidariteit ervaar as die kerk toon dat hy hulle daarin wil versterk en bemoedig.

’n Belangrike vraag is of die kerk se woorde aan die samelewing as geheel berus op dieselfde teologiese basis as die woorde aan die Christene binne die kerk. Die dokument oordeel dat dit in beginsel nie geskei kan word nie, want dit gaan in albei om die inhoud van die verkondiging van die Woord van God. Die dokument herinner egter daaraan dat kerklike uitsprake dikwels gebruik maak van gepaste argumente van nie-Christene. In die kerk se poging om met die probleme van die hede in die reïne te kom en deur konkrete aksies mense te help, sal die kerk op alle vlakke met nie-kerklike organisasies, met aanhangers van ander godsdienste, met mense sonder godsdien, kortom, met alle mense van goeie wil, moet saamwerk.

2.4 Die vierde vraag is: “Wanneer behoort die kerk iets te sê?”

Daar bestaan eenstemmigheid dat die kerk nie heeltyd en oor alles moet saampraat nie. Die regte oomblik, die *kairos*, is net so belangrik as die inhoud van wat gesê word. In die algemeen, oordeel die dokument, geld daar vier uitgangspunte wat die korrekte oomblik betref:

Enersyds is daar in beginsel geen tydstip wanneer die kerk nie durf praat nie. Die kerk kan te enige tyd praat en op talle maniere. In die vorm van ’n studiestuk behoort die kerk veral te praat wanneer hulle oor ’n komplekse saak met die openbare sfeer in gesprek wil tree. Tweedens kan die kerk nooit eens en vir altyd klaar praat oor ’n saak nie. Enige uitspraak of dokument is net geldig vir ’n beperkte tyd. Standpunte van vroeër moet dus, wanneer nodig, herformuleer word of deur nuwe standpunte vervang word. Derdens moet die kerk met sy woord nie “te laat” wees nie, maar ook nie, as gevolg van gebrekkige analise, beoordeling van die situasie, wetenskaplike fundering en teologiese helderheid “te vroeg” in die sin van onryp en onverantwoordelik wees nie. Vierdens hang die “wanneer” af van die “waarom”. As leidraad vir die regte oomblik kan geld: Die kerk behoort te praat as hy deur konkrete aansprake of deur sy eie beoordeling van die situasie uitgedaag word. As hy nie kan stilbly sonder om homself

skuld op die hals te haal nie, het die kerk geen ander keuse as om te praat nie.

Wanneer sulke oomblikke vir praat aanbreek, word slegs duidelik as die kerk nie net op aktuele sake reageer nie, maar juis geduldig en volhardend die openbare en politieke ontwikkelinge waarneem en bly beoordeel. Die Christene moet voortdurend en volhardend op hoogte bly van inligting, die totale situasie in die oog hou en so verneem wanneer die oomblik vir praat aangebreek het. Slegs dit kan verhinder dat die kerk deur plotselinge ontwikkelinge onkant betrap word.

2.5 Die vyfde afdeling handel oor gesigspunte wat in ag geneem moet word wanneer kerklike standpuntinnames voorberei word. In die besonder onderstreep die dokument dat die kerk die proses van oordeelsvorming nie alleen kan aandurf nie, maar dit in gesprek met ander kerke en gelowiges en met die openbare sfeer self moet doen. Dit gaan immers om die soeke na die beste vorm van gestaltegewing aan die samelewing self, waar Christene saam met nie-Christene leef.

Die dubbele beswaar wat in hierdie verband so dikwels aan die adres van die kerk gerig word, is dat dit óf te algemeen, vaag en niks-seggend praat óf te konkreet en partydig raak. Volgens die dokument is dit onmoontlik om hierin 'n algemene, tydlose keuse te maak wat altyd reg sou wees. Verkondiging en pastorale sorg geskied egter altyd in 'n konkrete situasie en daarom is dit te wagte dat die kerk by geleentheid geroepe sal voel om baie spesifiek te praat. Die kerk moet dan egter die verwyte te wagte wees dat die spreke onvanpas was, of dat verkeerdelik kant gekies is.

Die kerk moet in die proses terdeë bewus wees van die waagstuk verbonde aan sulke spreke en van die moontlikheid dat hy valsheid kan verkondig. Daar is geen waarborg teen dié soort dwaling nie. Dit vra egter wel dat die kerk, selfs wanneer alles glashelder lyk en hulle totaal oortuig is van hulle standpunte, plek sal moet inruim vir die moontlikheid van ander menings en van teenoorgestelde opvattinge, ook in eie geleedere. Dit is noodsaaklik om in die proses van analise en oordeelsvorming so veel as moontlik partye en groepe wat geraak word die geleentheid te gee om hulle saak te stel. Dit impliseer nie dat al die partye ook teenwoordig en betrokke moet wees wanneer die kerk uiteindelik sy eie standpunt formuleer nie.

2.6 In die laaste afdeling word die vraag aan die orde gestel hoe die kerklike uitsprake in die gemeentes en in die openbare lewe opgeneem

behoort te word. Na ons oordeel is hierdie vraag, dié van die sogenaamde “resepsie”, van die allerbeslissende belang. Die *Denkschrift* oordeel dat die kerk die moontlikhede van implementering behoort aan te dui en moontlike uitwerkinge van die verklaring of dokument by voorbaat behoort te bedink. Vanselfsprekend behoort beplanning met die oog op die beste metodes van verspreiding, publikasie en popularisering plaas te vind.

'n Studiestuk sal sy doel ten beste dien, word gesê, as dit op dialoog gerig is. In Duitsland beteken dit dat in ag geneem behoort te word dat die lesers van die studiestukke nie eintlik mense is wat na preke luister nie. Die retoriek, die toon, die styl en die argumente moet met dié besef in gedagte gestempel wees.

Indien in die diskussie wat op die publikasie volg, blyk dat die kerk foute gemaak het, moet dit openlik toegegee word. Die kritiek op die publikasie moet dan egter self deeglik begrond wees. Baie uitdruklik waarsku die *Denkschrift* teen die neiging by die kerk om by die ontvangs van emosionele proteste of veralgemenende verwyte terug te deins en alte gou toe te gee dat daar foute in die argumente was of dat hulle nie oor genoegsame saaklike kennis beskik het nie. Om uit vrees terug te krabbel van standpunte wat 'n groep van Christene met verantwoordelikheid en oor 'n lang tyd heen formuleer het, is 'n Christelike gemeente onwaardig, word gesê.

Praktiese opmerkings word ten slotte bygevoeg: Studiestukke moet by besondere geleenthede in die gemeentes bekend gestel word. By dié geleenthede sal 'n proses van dialoog op gang gebring moet word. Die erediens is nie die plek om daarmee te werk nie. Vir elke studiestuk moet “werkboeke” voorberei word, wat dit vir gemeentelede moontlik maak om deeglik daarmee vertrouwd te raak.

3 KERKLIKE DOKUMENTE OOR DIE OPENBARE LEWE IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

Na ons mening blyk dit baie duidelik uit die voorafgaande oorsig dat die *Denkschrift* waardevolle insigte bied wat ook in ons situasie van toepassing is. Meer spesifiek help dit ons om van die probleme wat aan die begin van die artikel gestel is, te hanteer.

Die *Denkschrift* bied nie veel hulp met die hantering van vrae wat in verband met die logika en argumentvoering van kerklike dokumente gestel word nie. Van belang vir die opstel van kerklike studiestukke oor die openbare lewe is wel dat - soos die *Denkschrift* dit stel - steeds die hoogs moontlike mate “van objektiwiteit, van saaklike kennis en teologiese

sorgvuldigheid" nagestreef sal word. Dit impliseer dat kerke nie slegs van tyd tot tyd aandag sal gee aan dringende aktuele kwessies wat opduik nie, maar - soos die *Denkschrift* beklemtoon - voortdurend ontwikkelinge in die samelewing sal waarneem en bestudeer. Dit impliseer na ons mening verder dat kerke veel meer gebruik moet maak van kundige lidmate wat kan verseker dat kerklike studiestukke op 'n verantwoorde wyse van kennisinhoud uit die sosiale wetenskappe gebruik sal maak.

Die *Denkschrift* het ook nie veel te sê met betrekking tot die beswaar dat kerklike dokumente oor die openbare lewe die onderskeie Christelike aard van die boodskap wat die kerke verkondig in die gedrang bring nie. Die *Denkschrift* wys wel daarop dat die reg - en ons kan byvoeg: ook die plig - van die kerke om hul oor openbare aangeleenthede uit te spreek, gegrond is in die omvattende verkondigings- en sendingopdrag van die Heer van die kerk. Wanneer daar in die samelewing ontwikkelinge is wat vanuit die gesigspunt van die Bybelse boodskap gesien, kritiek of ondersteuning verdien, kan die kerke nie anders as om hul stem te laat hoor nie.

In aansluiting by die *Denkschrift* moet beklemtoon word dat diegene wat meen dat dié kerke en dié Christene wat alle betrokkenheid by politieke en maatskaplike kwessies vermy, onpolities optree, in 'n illusie verkeer. Die grootskaalse stilswye van die Duitse kerke oor die vergrype van die Nazi-regime tydens die dertigerjare en dié van die Afrikaanse kerke oor die uitwasse van apartheid in die sestiger- en sewentigerjare het ernstige, negatiewe politieke konsekwensies gehad. Dit is nie die feit dat kerke uitsprake oor openbare aangeleenthede maak wat as sodanig problematies is nie. Dit is eers as dit blyk dat hierdie uitsprake teologies onverantwoord is, ideologies gemotiveerd is en/of negatiewe politieke konsekwensies het, dat die spreke van die kerk problematies word.

Ons is dit ook eens met die *Denkschrift* dat die kerk se woorde aan die samelewing as geheel op dieselfde teologiese basis as sy woorde aan die Christene binne die kerk moet berus. Die grondslag vir beide hierdie soorte woorde is die Woord van God. Daar kan egter geen beswaar wees as die kerke ook van gepaste argumente van nie-Christene of van argumente wat deur nie-Christene aanvaar kan word, gebruik maak nie. As dit daartoe bydra dat 'n samelewingsorde tot stand kom wat meer in ooreenstemming met die wil van God is, behoort Christene sonder huiwering van sodanige argumente gebruik te maak.

Die *Denkschrift* bied 'n aantal waardevolle wenke wat kan help om te verseker dat die resepsie van kerklike studiestukke oor die openbare lewe geslaagd is. Ondervinding het geleer dat die beste kerklike

studiestukke geen inslag in die gemeente of in die samelewing vind as daar nie noukeurig beplan word hoe bevindinge bekendgestel sal word en hoe aanbevelings geïmplementeer sal word nie. Die opstellers van 'n studiestuk se werk behoort eers dan as afgehandel beskou te word as hulle ook die vernaamste teikengroepe vir bekendstelling geïdentifiseer het en aangedui het wie die verantwoordelikheid het om aanbevelings te implementeer. 'n Deel van die kommissies en sinodes wat hierdie studiestukke in ontvangs neem en besluite daarvoor neem, se taak moet wees om die bekendstelling van bevindinge te reël en om opdrag te gee aan persone of kerklike organe om aanbevelings te implementeer.

Dit is opvallend dat die *Denkschrift* reeds in 1970 klem daarop lê dat die proses van oordeelsvorming oor 'n openbare aangeleentheid gepaard behoort te gaan met so veel as moontlik raadpleging binne die betrokke kerk, maar ook met ander kerke en instansies in die samelewing. As 'n studiestuk eers eenmaal gepubliseer is, moet gepoog word om so veel as moontlik dialoog daarvoor binne en buite die betrokke kerk op gang te kry. Hierdie aanbevelings het, na die mening van die bekende Duitse sosiaal-etikus W Huber, in die dekades wat daarop gevolg het nie afdoende aandag in die EKD gekry nie⁹. In die EKD (en ook RKK in Duitsland) word die sosiale etiek - so oordeel hy - nog steeds te veel volgens 'n outoritêre model ontwikkel. Kerklike kommissies met 'n opdrag berei 'n studiestuk voor en eers wanneer die teks kant en klaar is, word dit as 'n voldonge besluit aan die lidmate en die publiek deurgegee. Volgens hom geskied dit in die Nederlandse Hervormde en Amerikaanse Rooms Katolieke Kerke reeds anders en meer aanvaarbaar. Hy verwys veral na die Amerikaanse Biskoppe-konferensie se studie oor ekonomiese geregtigheid¹⁰. Twee weergawes van hierdie studiestuk is eers as gespreksdokumente in die kerk en in die openbare sfeer bekend gestel. Eers nadat wye diskussie daarvoor plaasgevind het en kommentaar verwerk is, is 'n derde en finale weergawe van dié studiestuk gepubliseer¹¹. Op dié manier is nie alleen verseker dat die studiestuk besonder wye bekendstelling geniet het nie, maar is ook daarin geslaag om binne en buite die kerk grootskaalse en entoesiastiese ondersteuning vir die aanbevelings van die studiestuk te verkry.

Wat die *Denkschrift* oortuigend aantoon, is dat die gesag, en daarmee ook die reg en geloofwaardigheid van die kerklike spreke oor openbare aangeleenthede, nie in die gedrang hoef te kom as kerke nie uit een mond praat nie. Daar is 'n sekere speelruimte vir verskillende benaderinge tot openbare aangeleenthede gegee. Dit is daarom ook belangrik dat die wanopvatting wat by sommige lidmate bestaan dat die

gesag en die geloofwaardigheid van die kerklike spreke aangetas word as kerke verskillende aksente oor openbare aangeleenthede lê, besweer word. Lidmate moet geleer word dat Skrifgetrouheid en saakgetrouheid die enigste vereistes is wat vir die uitsprake van kerke geld en nie ook enersluidendheid nie.

Wat die saak in die geval van Suid-Afrika egter meer ingewikkeld maak, is die feit dat die uiteenlopende uitsprake van kerke oor openbare aangeleenthede oor die afgelope dekades ook te wyte was aan ideologiese verskille. Dit het ongetwyfeld tot die aantasting van die geloofwaardigheid van kerke aanleiding gegee. Om sover moontlik te vermy dat kerklike uitsprake oor openbare aangeleenthede ideologies gekleur word, sal Suid-Afrikaanse kerke in die toekoms moet doen wat die *Denkschrift* aanbeveel: om so wyd moontlik eie lidmate, maar ook ander kerke te raadpleeg en na so 'n wyd moontlike kerklike konsensus te strew. Ekumeniese raadpleging en samewerking is by uitstek in die Suid-Afrikaanse konteks noodsaaklik as dit om kerklike uitsprake of studiestukke oor openbare aangeleenthede gaan.

Dit is hoogs waarskynlik so dat die openbare uitsprake van kerkleiers nie in die nuwe demokratiese Suid-Afrika dieselfde gewig sal dra as in die vorige bedeling nie. Dit wil egter nie sê dat kerke in die toekoms geen openbare rol meer sal hê om in ons samelewing te speel nie. Die *Denkschrift* beklemtoon tereg dat kerke, deur saam met ander te soek en te werk vir 'n goeie en gelukkige samelewing, 'n belangrike bydrae kan lewer om te verhoed dat die samelewing uitgelewer word aan die invloed van magtige belangegroep¹². Waar veral die Afrikaanse kerke in die verlede daarop kon reken dat hul uitsprake openbare gewig sou dra, afgesien van die meriete van die argumente wat daarin vervat was, sal die gehalte van die argumente in die toekoms van deurslaggewende betekenis moet wees. Hoe meer die kerke daarin kan slaag om argumente vir hul standpunte aan te wend wat ook deur lidmate van ander kerke en nie-Christene aanvaar kan word, des te meer sal hulle ook 'n eie stempel op die samelewing afdruk.

'n Mens hoor dikwels die argument dat die moderne lewensprobleme te ingewikkeld geword het en dat die pluraliteit van standpunte in die moderne samelewing te groot geword het om enigsins tot 'n etiese verstandhouding oor openbare kwessies te kom. In die artikel waarna ons reeds verwys het, oordeel W Huber dat juis die feit dat daar in een en dieselfde samelewing verskillende oriënterings aanwesig is etiese gesprek dringend noodsaaklik maak:

”Vielmehr provoziert genau diese Situation zu einem ethischen Diskurs, in welchem die eine Gruppe bereit ist, die von ihr selbst vertretenen Prinzipien selbstkritisch an den Überzeugungen anderer zu messen... Gerade die Diagnose, daß es sich bei der modernen Gesellschaft um eine pluralistische und eine funktional differenzierte Gesellschaft handelt, nötigt also zur Organisation ethischer Diskurse. Auch christliche Ethik muß ins öffentliche Gespräch auf diskursive und argumentative Weise eingebracht werden”¹³.

4 SLOTOPMERKING

Dit is ongetwyfeld so dat kerklike uitsprake oor die openbare lewe nie sonder probleme is nie. Die sogenaamde *Denkschrift über die Denkschriften* van die EKD toon egter aan dat hierdie probleme nie onoorkomelik is nie. Die *Denkschrift* bied waardevolle insigte wat ook in die Suid-Afrikaanse konteks benut kan word om die geloofwaardigheid en trefkrag van kerklike uitsprake oor die openbare lewe te verhoog.

NOTAS:

- 1 In die Suid-Afrikaanse konteks was daar byvoorbeeld lewendige debatte oor die Skrifgebruik in die verslag van die N G Kerk *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* wat by die Algemene Sinode, Oktober 1974, aanvaar is.
- 2 Op die oomblik word juis ’n lewendige debat in Rooms Katolieke kringe gevoer oor pous Johannes Paulus II se *Enc. Veritatis Splendor*, Vatikaanstad 1993.
- 3 D Anderson & R Harris, Introduction: Under false colours, in: D Anderson (ed), *The kindness that kills. The churches’ simplistic response to complex social issues*, London 1984, 2.
- 4 H M Kuitert, *Alles is politiek maar politiek is niet alles. Een theologisch perspectief op geloof en politiek*, Baarn 1985, 174-5.
- 5 S Hauerwas, *After Christendom?*, Nashville 1991, 45-68.
- 6 Oor “resepsie” word daar veel gewerk in ekumeniese geleedere. Daar is mense wat meen dit is die enkele belangrikste vraagstuk in die ekumene. Vergelyk byvoorbeeld, W G Rusch, *Reception: an ecumenical opportunity*, Geneva 1988, ’n studie van die Lutherse Wêreldfederasie; S Pemsel-Maier se onlangse studie uit Katolieke kringe, *Rezeption. Schwierigkeiten und Chancen. Eine Untersuchung zur Annahme und Umsetzung ökumenischer*

Konsensdokumente in den Ortskirchen, Würzburg 1993; verskillende baie nuttige opstelle in J Gros (ed), *The search for visible unity*, New York 1984, waar onder dié van E J Kilmartin, 34-54, G Wainwright, 71-82, en W G Rusch, 129-143; E Lanne, The problem of "reception", in: *Towards visible unity*, Commission on Faith and Order, Lima 1982, Vol I, 44-57 asook A Houtepen, Reception, tradition, communion, 140-160 en U Kuhn, Reception - an imperative and an opportunity, albei in: M Thurian (ed), *Ecumenical perspectives on Baptism, Eucharist and Ministry*, Geneva 1983.

- 7 Vergelyk P C Potgieter, *Die gesag van die kerk se woord*, Bloemfontein 1983, 2: "Daar is ewe eens by baie 'n onvergenoegdheid met die leeruitsprake van die kerk in sy belydenisskrifte en veral ook met besluite van sy vergaderinge...En kan ons die lidmaat van die kerk verkwalik as hy soms sy weg moet vind in 'n doolhof van teenstrydige uitsprake waar...die sinode nou sê iets is verkeerd, en vier jaar later weer sê dit is reg - elke keer met 'n beroep op dieselfde Bybel..."
- 8 In *Die Denkschriften der Evangelischen Kirche in Deutschland. Frieden, Versöhnung und Menschenrechte (Band 1/1)*, Gütersloh 1978, 43-76.
- 9 W Huber, "Ethik im Diskurs - ein Model", *Das Baugerüst* 43/3 (1991), 232-238.
- 10 *Economic justice for all. Pastoral letter on Catholic social teaching and the US economy*, Washington DC 1986.
- 11 Die hele proses het ses jaar geduur, van 1981 tot 1986. In dié tydperk is talle sogenaamde "public hearings" gehou en is meer as 200 saakkundige menings ingewin.
- 12 Oor die (veranderde) rol van die Christelike kerk in 'n demokratiese en pluralistiese samelewing sal nog veel gedink en gepraat moet word. Die tallose geskrifte rondom die sogenaamde "public church" ('n term van Niebuhr, Marty *et al*, maar vandag allerweë gebruik) in die VSA en die indringende werk oor die kerk se posisie, rol en gesag in die Duitse openbare lewe (vgl byvoorbeeld W Huber se Habilitationschrift, *Kirche und Öffentlichkeit*, Stuttgart 1973) gee duidelik blyke van die soort besinning wat nog vir ons voorlê.
- 13 W Huber, *a w*, 237. Vergelyk ook J Stott, *Issues facing Christians today. New perspectives on social and moral dilemmas*, London 1990, 52: "In social action... we should neither try to impose Christian standards by force on an unwilling public, nor remain silent and inactive before the contemporary landslide, nor rely exclusively on the dogmatic assertion of biblical values, but rather reason with people about the benefits of Christian morality, commenting God's law to them by rational arguments. We believe that God's laws are both good in themselves and universal in their application because, far from being arbitrary, they fit the human beings God has made."